# Hoërskool Jim Fouché

VOLUME 12 SEDERT 1959 * SAAI OM TE OES 24 APRIL 2026




APRIL: **21** GR 9 - VAKKEUSE-AAND

MEI **6** MNR & MEJ JF

**22** KOSKASDAG

## Volg JF SOSIALE MEDIA

- op Facebook @JFAmptelik
- op TikTok @jfamptelik
- op Instagram @jfamptelik

#DROOMGROOTDROOMJF

www.jf.co.za

# April 2026

| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| --- | --- | --- | --- | --- | --- | --- |
| Gr 7-ouerinligtingsaand. | Gr 9-vakkeuseaand | ATKV JF✝FJ Redenaars | ATKV Redenaars | Landsdiens, maxi klubkamp | Landsdiens, maxi klubkamp | Landsdiens, maxi klubkamp |
| SKOOL VERDAAG 14:00 | | | | Bergsigtoernooi | | |
| 27 | 28 | 29 | 30 | | | |
| Vryheidsdag | | JF✝FJ | Skool verdaag 12:00 | | | |



## DAGBOEK DIE DATUMS:

20 APRIL GR7-OPEAAND
21 APRIL GR9-VAKKEUSEAAND
24-27 APRIL BERGSIGTOER
1/2 MEI SENTRAAL SPORTTOERNOOI
6 MEI MNR. & MEJ. JF




## Belangrike datums

24 April: Potspel, rondte 5
24 - 26 Apr: Landsdiens, maxi klubkamp
24 - 25 Apr: Skaak: Liga
24 - 27 Apr: **Bergsigtoernooi: Hokkie, rugby en netbal, 1ste spanne.**
**30 April – 02 Mei: Sentraal toernooi,** Rugby, hokkie en netbal.

**08 – 09 Mei: Duineveld inter**
**6 MEI: MNR. & MEJ. JF**
**10 Mei: Moedersdag**
**11 -16 Mei: Classic clash week.**
**22 – 23 Mei: Wesgrowliga vs Diamantveld**
**22 Mei: Koskasdag**
**06 Junie: Netbal: VS-oefenkamp.**
**06 Junie: Rugby: VS-bondedag.**
**12 - 13 Junie: Netbal: DSTV, VS-dag. Motsepe 0/15.**
**13 Junie: Hokkie, VS-dag.**
**15 Junie: Skool vakansiedag**
**16 Junie: Jeugdag**
**20 Junie: Netbal VS-oefenkamp**
**21 Junie: Vadersdag**
**26 Junie: Skool sluit.**

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

***Goeie dag vanuit die kantoor, waar ek deur die venster kan sien hoe die seisoen besig is om te verander en die tuin in die pragtigste herskleure getooi word. Ek lees nou die dag hierdie stukkie raak op Facebook wat my baie laat dink het oor JF se visie en veral die gedeelte oor geheelmensontwikkeling:***

Wat gebeur als langs 'n sportveld...

Want wow. Dis nie vir die faint-hearted nie

Na die naweek sien ek 'n hele klomp berigte oor insidente die naweek langs die sportveld. Party goed en party baie sleg.

Kom ek skep die scenario.

Jy staan langs die veld.
Met jou koffie.
Met jou kampstoel.
Met jou "ek gaan net rustig kyk vandag" attitude.

En dan...die ref.

Eerste besluit:
"Okay dis fine."

Tweede besluit:
"Hmm..."

Derde besluit:
"Ref???" En jy bars amper 'n aar!

En voor jy jou kry, is jy op jou perdjie en jy probeer net stilbly deur al die "calls" waarmee jy nie saamstem nie.

En dis nie net jy nie.

Daar is ouers wat skree.
Ouers wat kommentaar lewer.
Ouers wat baklei - langs die veld.

Op die veld?

Kinders wat frustrated raak.
Kinders wat moedeloos raak.
Kinders wat wil huil.
Kinders wat seerkry.

En dan daai oomblikke, waar jy net dink: die is nie fair nie.

Daai speler wat nie 'n kans kry om te speel nie.
Daai besluit wat net nie sin maak nie.
Daai kind wat altyd die een is wat hulself oor en oor moet bewys.

En dan staan jy net daar, met daai gevoel in jou bors.

Half kwaad.
Half beskermend.
Half gereed om iets te sê.

En dan kom die vraag:
Waar trek mens die lyn?

Want ja, ons wil hê hulle moet opstaan vir hulself.
Maar ons wil ook hê hulle moet leer om te kan handle wat nie altyd fair is nie.

En hier's die deel wat nie altyd lekker is nie - unfairness is nie altyd 'n slegte ding nie.

Want dis waar hulle leer:
Nie elke ref gaan altyd reg wees nie.
Nie elke besluit gaan in hul guns wees nie.
Nie elke coach gaan hulle kies nie.

Dis waar hulle leer:
Om aan te hou.
Om nie op te gee nie.
Om nie elke keer iemand te blame nie.

En dis moeilik.

Veral vir ons as ouers van die kantlyn af.

Want ons wil als fix.
Ons wil beskerm.
Ons wil sê: "Dis nie reg nie."

Maar dalk is alles nie bedoel om gefix te word nie.

Party goed is daar om hulle te leer, hoe om die lewe te hanteer.

En dalk is die grootste challenge nie die game nie, maar om as ouer te weet wanneer om stil te bly en wanneer om op te staan.

En ek sê dit nie as iemand wat dit reg doen nie. Ek sê dit as iemand wat ook vinnig op haar perdjie spring

Die game eindig op die veld, maar die les begin wanneer hulle afstap en wat ons hul dan leer daarvan.

#SportLife
#ParentLife
#RealMoments



**Vriendelike JF-groete**
**Henri Wilken**



# MA'S WAT OMGEE

**DEURDAT ONS HOM REGTIG KEN, HET SY GODDELIKE KRAG ONS ALLES LAAT KRY WAT ONS NODIG HET OM NABY AAN HOM TE LEWE. HY HET ONS GEROEP OM SY HEERLIKHEID EN GOEDHEID TE ONTVANG!**

2 Petrus 1:3

DANKBAARHEID

# Waardes

# Dankbaarheids-Donderdag 4

## Voorbeelde van dankbaarheid in die Bybel

‘n Goeie voorbeeld van iemand wat ‘n dankbare hart gehad het, was koning Dawid. Sy lewe was nie maklik nie. As jong man moes hy vir sy lewe vlug van koning Saul af. Hy het baie vyande gehad en het ook persoonlike foute gemaak. Tog sien ons deur sy hele lewe dat hy steeds aangehou het om God te dank en te prys. Hy het dit gedoen deur liedere en gebede te skryf en te sing. Selfs wanneer hy bang was, was hy in dankbaarheid besig om God te loof. Dawid wys vir ons dat dankbaarheid nie nét in goeie tye moontlik is nie. ‘n Dankbare mens onthou God se goedheid in alle omstandgihede- ook wanneer dinge moeilik is. Dankbaarheid help ons om ons oë op God te hou en nie op ons probleme nie. Kom ons luister na ‘n paar verse wat Dawid geskryf het:
In Psalm 100 vers 4 staan: “Gaan sy poorte in met dankliedere, want die Here is goed. Aan sy liefde is daar geen einde nie.” Wat die vers veral merkwaardig maak, is dat Dawid deur ‘n geweldige moeilike tyd gegaan het toe hy hierdie woorde geskryf het.

In Psalm 118 vers 24 verklaar Dawid: “Dit is die dag wat die Here gemaak het, laat ons daaroor juig en dankbaar wees!” Ons moet in gedagte hou dat Dawid hier vir sy lewe gevrees het omdat ‘n jaloerse koning Saul hom wou doodmaak. Verder het Dawid vier seuns aan die dood afgestaan deur tragiese of gewelddadige gebeurtenisse. Steeds het hy dankbaar gebly.

Ook Habakuk is ‘n pragtige voorbeeld van ‘n dankbare Bybelse persoon. In Habakuk 3 vers 17 tot 19 lees ons hierdie bekende woorde: “Al sou die vyeboom nie bot nie en daar geen druiwe aan die wingerde wees nie, al sou die olyfoes misluk en die lande geen oes lewer nie, al sou daar geen kleinvee in die kampe meer wees nie en die beeskrale sonder beeste wees, nogtans sal ek in die Here jubel, sal ek juig in God my redder. Die Here my God gee vir my krag. Hy maak my voete soos dié van ‘n ribbok, op hoë plekke laat Hy my veilig loop.”

Die vraag is: Is jy dankbaar in moeilike tye?

Gebed:

**Hemelse Vader, ons kom erken vandag dat ons nie naastenby dankbaar genoeg is nie. Ons kla soms oor die kleinste dingetjies wat nie na ons sin is nie. Ons kom bely ons ondankbaarheid en vra dat U ons daarvoor sal vergewe. Maak ons dankbare mense, asseblief Here. In U heilige naam vra ons dit. Amen.**

Dankbaar

*“Gaan sy poorte in met dankliedere, want die Here is goed. Aan sy liefde is daar geen einde nie.”*

# UIT DIE KANTOOR VAN DIE LOO

LEERDER
ONDERSTEUNING
ONTWIKKELING

ontvangs.loo2@jimfouchehs.com

# VAKKEUSES: ‘N NUWE AVONTUUR VIR GR. 9-LEERDERS

Die vakkeuseproses kan vir graadnegeleerders, ouers en voogde opwindend, deurmekaar en stresvol wees. By Hoërskool Jim Fouché is dit ons voorreg om elke leerder, ouer en voog te ondersteun om ingeligte keuses te maak. Daar is verskeie faktore en stappe wat deel vorm van hierdie proses. In hierdie week se artikel bespreek ons graag hoe belangrik dit is vir leerders om hul individuele profiel te verstaan en die verkenning van verskillende beroepsmoontlikhede.

Eerste is dit belangrik vir leerders om hul individuele profiel te ken en te verstaan. Deel van die hedendaagse dilemma van vak- en beroepskeuses, is dat werk skaars is. Moet 'n leerder dus “skaarsvakke” neem, al impliseer dit dalk lae punte? Die antwoord lê hierin dat jy jouself, jou persoonlikheidseienskappe en jou voor- en afkeure verstaan. Dit is ook belangrik om kennis van jou belangstellings en aanleg te hê. Hierdie individuele profiel is wat jou uniek maak, wat jou differensieer van ander en jou laat uitstaan en sukses verseker. Moet dus nie die maklikste, gewildste of voor-die-hand-liggendste vakke kies omdat jy jou besluitnemingsproses uitstel nie. Doen moeite om die beste vakke vir jou (nie jou ouers nie) te kies!

Tweedens is dit belangrik om beroepsmoontlikhede te verken. Hierdie is dikwels die moeilikste stap wat ouers en leerders sommer baie moedeloos kan maak, veral as die leerders nog nie seker is watter beroep hul eendag wil volg nie. Met hierdie stap hoef leerders egter nog nie seker te wees oor 'n spesifieke beroep nie, maar moet hul eerder 'n breë




> *Dit is ook belangrik om kennis van jou belangstellings en aanleg te hê*

beroepsbelangstelingsveld identifiseer, bv. gesondheidswetenskappe, sosiale wetenskappe of natuurwetenskappe. Gevolglik is dit baie belangrik dat leerders soveel as moontlik inligting versamel oor beroepsvelde, díé waarin hul belangstel, en wat by hul persoonlikhede pas. Ouers kan hier vir leerders van groot hulp wees, want hul dra kennis oor die vereistes wat elke beroep stel.

Dit is belangrik dat die leerders ondersteun en met advies voorsien word gedurende die vakkeuseproses, maar hul moet uiteindelik hul eie keuse maak. Daarom moet die leerder se selfvertroue en selfbeeld ontwikkel word om sodoende ook eienaarskap van hul besluite te neem. Verskeie goeie bronne is beskikbaar om meer inligting te kry oor moontlike beroepsvelde. Twee sodanige bronne wat aanbeveel word, is:

www.pacecareers.com en www.eduvelopment.com

**Ons versoek dat leerders wat nie meer hul ou sweetpakke gebruik nie, dit ASB. aan die LOO-kantoor sal skenk.**

*Baie dankie*

# Finansies:

## Skoolfonds 2026:

Dit is die behoefte van ons hart om vir elke ouer/voog wat getrou hul skoolgeld betaal, dankie te sê. U getroue betaling help ons om 'n skool van uitnemendheid te bly.

**Graad 8 – 11:**
R27 720
R2 520 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

**Graad 12:**
R28 270
R2 570 – per kind per maand oor 11 maande (Januarie – November)

**Skool se bankbesonderhede:**
NEDBANK
Tjekrekening
Takkode: 198 765
Rekeningnommer:115 333 6758
Verwysing: Gesinsnommer

Dit is baie belangrik dat u die regte verwysing gebruik ten einde die finansieskantoor in staat te stel om u betaling na u rekening te allokeer.

Rekeninge word maandeliks per e-pos gestuur.

Ons doen 'n beroep op u om u staat gereeld te kontroleer en enige probleme so spoedig moontlik onder ons aandag te bring.

*Kontak asb. vir Christelle Swanepoel by finans@jf.co.za vir enige navrae of indien u nie maandeliks u rekening per e-pos ontvang nie.*

## Kwytskeldings 2026:

Die uitslag van volledig voltooide aansoeke sal teen 30 April 2026 op u rekening verskyn. U sal per e-pos deur die finansieskantoor gekontak word, sou bykomende inligting benodig word.

Kontak Hannelie Maritz vir enige navrae by skoolfonds@jf.co.za.

## Agterstallige skoolfonds:

Ons herinner u graag aan die volgende:

- Skoolfonds is 'n statutêre verpligting wat nagekom moet word, tensy u as ouer gedeeltelik of ten volle van die betaling van skoolfonds vrygestel (kwytgeskeld) is.
- Beide ouers (getroud, ongetroud of geskei) is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir skoolfonds.

Ons doen 'n dringende beroep op u as ouer om asseblief om u skoolfonds op datum te hou. Dankie aan elke ouer wat 'n reëling kom tref het t.o.v. agterstallige skoolfonds en sodanige ondernemings getrou nakom.

Kontak Hannelie Maritz vir enige navrae of reëlings in die verband by skoolfonds@jf.co.za.

## KARRI:

Betalings vir verskeie aktiwiteite by die skool word op 'n gereelde basis op die Karri-toep gelaai. Maak asseblief seker dat u die Karri-toep gereeld besoek en let op kennisgewings in dié verband wat per e-pos gestuur word via die toep.

Ons doen 'n dringende beroep op u om asseblief te let op die sperdatum vir elke Karri-insameling en vra u samewerking om getrou by hierdie datums te hou.


Die volgende insamelings sluit binnekort:

| Beskrywing | Sperdatum vir betaling |
|---|---|
| Kunswedstryd Inskrywings | 30 April 2026 |
| JF Koskas: Donasies | 3 May 2026 |
| Koskaartjies: Duineveld Inter | 6 May 2026 |

**Kontak Marlene Smith vir enige navrae by finansies@jf.co.za.**

# JF-Akademie

**BAIE GELUK MET JULLE KWARTAAL 1 UITSLAE.**




# #trotsJF


AKADEMIESE PRESTEERDERS
94,4%
NICOLE VAN SCHALKWYK
89%
TRISTAN AUCAMP
89%
SUNÉ GOUWS
86.5%
SIMONÉ DU TOIT
LUNIEL LABUSCHAGNE
CARNÉ VAN ASWEGEN
GRAAD 10
2026
KWARTAAL 1
LIENKE KOLVER
JEANELLE MARKRAM
MARISA ELS
LENÉ JOUBERT
XANDER NIKOLOV
MC KAYLA DE BEER
JANCO PRETORIUS
---Saai om te oes---


AKADEMIESE PRESTEERDERS
95.7%
MINETTE WESSELS
93.7%
JOMARI SIEBERT
92.5%
CHENIQUE ERASMUS
LINEÉ LUBBE
RIZÉ BIERMAN
GRAAD 11
2026
KWARTAAL 1
MARLI NIEMAND
DUANE VAN DER WALT
NATASHA DE WAAL
MIENÉ SPIES
NADIA BREDENKAMP
---Saai om te oes---


AKADEMIESE PRESTEERDERS
92.2%
LIANA VAN NIEKERK
92%
LJ CROMHOUT
87.4%
DIMONÉ ERASMUS
87.4%
LIANÉ HUGO
SARICK ANDREINIE
LIANÉ OOSTHUIZEN
GRAAD 8
2026
KWARTAAL 1
CALEM DU TOIT
EMMERIKE VAN NIEKERK
MARIZÉ OPPERMAN
MAGDELIE VAN WYK
ZILKE ECKARD
RUAN BUYS


AKADEMIESE PRESTEERDERS
93.2%
MARLA KRUGER
92.6%
IVAN VAN TOL
91.4%
IMONÉ MARAIS
HENRO LOUBSER
DIAAN LIEBENBERG
JEAN-DRÉ STEYN
GRAAD 9
2026
KWARTAAL 1
KAITLIN LUYT
ZELIA DU TOIT
RUAN SANDER
RUWAN VAN NIEKERK
REINHART KROG
DIRK DEACON


JF-AKADEMIE
Baie geluk
Andoné Booysen en Marniné Griessel
'Info Chef Free State'
kompetisie
Dring deur na die finale rondte op 17 April.
Behaal 'n algehele 3de plek.
#trotsJF
Naboo
LAINOX
Culinary Talent Ambassadors for South Africa
INFO CHEF
FREE STATE

# EKSTRAKLASROOSTER

## VERPLIGTE KLASSE SLEGS GRAAD 12

## (Dit is vir voltooiing van sillabusse)

| Vak | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag |
|---|---|---|---|---|
| Afrikaans | Graad 8<br>13:45 – 14:30<br>Me. L Loubser<br>Me. E Delport<br>Me. C Smit | Graad 8<br>13:45 – 14:30<br>Me. N Buitendag | Graad 9<br>13:45 – 14:30<br>Me. L Loubser<br>Me. C Smit | |
| Fisiese Wetenskap | | | Graad 11<br>13:45 – 14:30<br>Me. M Smit | Graad 12<br>13:45 – 14:30<br>Me. M Smit<br>Graad 10<br>13:45 – 14:30<br>Me. A. Nel |
| Lewens-wetenskap | | | Graad 10<br>13:50 – 14:50<br>Me. T vd Merwe | Graad 11<br>13:50 – 14:50<br>Me. L Vermeulen |
| Wiskunde | Graad 8<br>13:45 - 14:30<br>Me. A. Nel<br>Graad 9<br>13:45 – 14:30<br>Me. N van Staden<br>Graad 11<br>13:45 – 15:00<br>Me. M. van Wyk | Graad 8<br>13:45-14:30<br>Me. C Olivier<br>Graad 9<br>13:45 – 14:30<br>Me. C Wagener<br>Graad 10<br>13:45 – 14:30<br>Mnr. J Fourie | | |
| Kuns | | 14:00 – 15:30<br>Graad 10<br>Ekstra vak leerders | | |
| Alpha Wiskunde (Juf Koekemoer) | Graad 12<br>15:00 – 16:30 | Graad 11<br>14:00 – 15:00<br>Graad 10<br>16:00 – 17:00 | Graad 9<br>16:00 – 17:00 | |
| Wiskundige Geletterdheid | | | Graad 12<br>13:50 – 14:50 | |

# EKSTRAKLASROOSTER

## VRYWILLIGE KLASSE VIR EKSTRA HULP (Alle grade)

| Vak | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag |
|---|---|---|---|---|
| Fisiese Wetenskap | | | | 06:30 – 07:20<br>Me. M Smit |
| Kuns | Prakties g 10-12<br>14:00 – 15:30<br>Soos gereël met<br>Me. A Opperman | | Prakties g 10-12<br>14:00 – 15:30<br>Soos gereël met<br>Me. A Opperman | Prakties g 10-12<br>14:00 – 15:30<br>Soos gereël met<br>Me. A Opperman |
| Lewens-wetenskap | 13:50 – 14:50<br>Me. J Laning<br>Me. L Vermeulen | 13:50 – 14:50<br>Me. L Vermeulen<br>Me. J Laning | | |
| Geografie | 06:30 – 07:20<br>Mnr. H Vermeulen | | | |
| Wiskunde | | 06:30 – 07:00<br>Mnr. H Wilken | 06:30 – 07:00<br>Mnr. H Wilken<br>14:00 – 15:00<br>Me. C Wagener<br>Me. J Koekemoer<br>Me. A Nel | |

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT KOMMUNIKASIE TUSSEN OUERS EN PERSONEEL HOOFSAAKLIK VIA E-POSSE PLAASVIND.**
**BAIE DANKIE VIR U SAMEWERKING IN VERBAND MET DIÉ REELING.**


HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ BIED MET TROTS
MNR. EN MEJ. JF
DIE TEMA IS
ONCE UPON A TIME
DATUM:
WOENSDAG, 6 MEI 2026


6. Melani Slabbert


2. HJ Noeth


10. Zenith Labuschagne


1. Darius Crowther


8. Mia Aucamp


5. Karli Botha


3. Christiaan Cronie


8. Christiaan Odendaal


7. Michelle Jv Rensburg


1. Ildené Loots


7. Gé Coetzee


10. Imke Rust



1. Wiehan du Plessis


3. Minette Pretorius


4. Calista Viljoen


2. Lize Fourie


4. Francois Wilken


11. Tiaan Buys


5. Divan Venter


7. Duné Koortzen


11. Nonsa Jason


6. G Noeth

# Kultuur

## Redenaars-uitslae



Op 18 April het nege van JF se redenaars aan die semi-finaal in Bethlehem deelgeneem. JF behaal 4 derde plekke, 3 tweede plekke en 2 eerste plekke.

Baie geluk aan Nicole van Schalkwyk (Afdeling: Voorbereide Redenaars) en Marla Kruger (Afdeling: Prosa Lees) wat dan deurgedring het na die nasionale finaal wat in Oktober plaasvind.
Ons wens hulle alle sterkte toe.

## OppieTongAf Redenaars



Die volgende leerders dring deur na die semi-finaal wat van 25-30 Mei aanlyn plaasvind:

Ruwan van Niekerk
Mine Kriek
Joane de Beer
Ildene Loots
Germari Venter
Lize Fourie

Hierdie ses leerders neem almal aan die voorbereide afdeling deel.



Die volgende twee onvoorbereide redenaars dring direk deur na die nasionale finaal wat op 8-10 Oktober in Centurion plaasvind:

Hannes Deacon
Jacobus Lourens

Hulle neem beide aan twee kategorieë deel, nl. die onvoorbereide toespraak waarvoor hulle een uur voorbereidingstyd het, asook aan die Goue Tong-afdeling waar hul slegs 5 minute kry om voor te berei.



# Sport

## BUITESPORT

RUITERKUNS

### Jo-Anne du Plessis

Jo-Anne het op 11 April aan die *SANESA Free State Third Qualifier* by die *Bloemfontein Equestrian Centre* deelgeneem.



Sy het met haar perd, Arian Silver, die volgende uitslae behaal:

- *80 cm Accumulator Show Jumping Class*: 2de plek
- *Dressage Novice (First Level) Test 1*: 2de plek

# Chy-Anne Muller

BUITESPORT

RUITERKUNS

Chy-Anne het van 11-12 April aan die *SANESA Free State Second Qualifier* by die *Bloemfontein Equestrian Centre* deelgeneem.



Sy het uitstekende resultate behaal:

*Dressage Novice (First Level) Test 1*: 1ste plek

*Dressage Novice (First Level) Test 2*: 1ste plek

*Show Riding Level 5*: 1ste plek

# Jayden Jansen van Vuuren & Karli Botha

ROLBAL

BUITESPORT

Jayden en Karli het die 0. 18 Suid-Vrystaatspan van 29-31 Maart aan die *2026 Bowls SA Junior National Championships* in Bloemfontein verteenwoordig.



Hulle span het sterk in die groepfase presteer en al hul wedstryde gewen.

Die span het deurgedring na die kwartfinale, waar hulle teen Sedibeng verloor het

# Diaan Liebenberg

Diaan het op 11 April aan die *Cubing Bash Bloemfontein 2026* deelgeneem.

Hy het in die ope afdeling die volgende resultate behaal:

- *Megaminx*: 3de plek
- 4x4-Kubus: 4de plek




**BUITESKOOLPRESTASIES**
*Rubik-kubus-Kompetisie*

**BUITESPORT** LASER RUN

# AJ Theron

AJ Theron het op 11 April 2026 aan die *Free State Laser Run League 4* by *St Michael's School* deelgeneem.

Hy het in die seuns o. 19-afdeling 'n 1ste plek behaal.

AJ het ook 'n kwalifiserende prestasie vir die SAMPA Wêreldkampioenskapspan behaal.




WES grow
REEKS
2026
Waar Tradisie, Trots en Top Sport Ontmoet
D.H.S.
A POSSE AD ESSE
FICHARDTPARK
GLO WERK DIEN
GOUDVELD - HOËRSKOOL
WELKOM
STREEF WERK OORWIN
HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ
SAAI OM TE OES
B V H S
WERK EN WEN
PERSEQUOR
TRIO
8 Skole. 1 Reeks. 1 Kampioen.


SENTRA SKOLE SPORTREEKS 2026
PROGRAM
14 MAART
GV VS JF
WITT VS SENT
TRIO VS DHS
BVHS VS FHP
20 MAAR
SENT VS GV
21 MAART
JF VS WITT
DHS VS BVHS
FHP VS TRIO
11 APRIL
FHP VS JF
18 APRIL
FHP VS SEN
GV VS TRIO
25 APRIL
WITT VS GV
1 MEI
TRIO VS BVHS
1 MEI
SENT VS DHS
TRIO VS BVHS
9 MEI
SENT VS DHS
TRIO VS BVHS
16 MEI
DHS VS FHP
SENT VS JF
GV VS BVHS
WITT VS TRIO
23 MEI
JF VS DHS
BVHS VS WITT
25 JULIE
BVHS VS JF
DHS VS GV
TRIO VS SENT
FHP VS WITT
1 AUG
WITT VS DHS
GV VS FHP
JF VS TRIO
SENT VS BVHS

Ons speel om te *wen*
Nie vir die *glorie* nie,
maar vir die *trots*
van my skool.

# *Jim Fouché*

Met oorgawe, maar gedissiplineerd.
Vir die *kameraadskap*
wat deur elke oefening en elke punt
*opgebou* word.
Om elke wedstryd, hoe onbelangrik ook al,
die *beste* geleentheid te maak.
Met ons oë gerig op die *wenstreep,*
ons *harte,*
gerig op *God.*

Michelle le Roux — Hokkie kaptein — 2000

# PRYSLYS



## LANGMOU TOP MET KORT "ZIP"

R580



## WIT KORTMOU KATOENHEMP

R460



## GOLFERS: KORTMOU

R340



## PETTE

R166



## LIP BALM

R30



## VISOR

R166




## BUFF

R80



## STROOIHOED

R110

COMBO R170

## JF Band

R60



## BREËRANDHOED


R230



## JF PIN

R80













# BESTEL NOU VIR DIE SEISOEN








karri

POWERED BY NEDBANK















#trotsJF

WWW.JF.CO.ZA

HOËRSKOOL JIM FOUCHÉ

SAAI OM TE OES

Hoërskool Jim Fouché

# WIL JY ADVERTEER BY JF?













## ADVERTENSIEBORD-SPASIE BESKIKBAAR

Vir meer inligting kontak:

MERICKE ERASMUS

BEMARKING@JF.CO.ZA

063 202 6387

Volg ons op

# OPE-AAND




https:..www.jfoester.co.za. <<<